DEXTER

14 Maart 2007 kontakdexter@mailbox.co.za Jou Eie Koerant

Oom Paul se voete gewas

Kevin Nel

Studente het Kruger om verskoning gevra dat hulle vandag onder growwe diskriminasie gebuk gaan sonder dat hulle standpunt vir hul regte inneem.

Solidariteit Jeug het Maandag 5 Maart 2007 Paul Kruger se voete by sy standbeeld in Kerkplein gewas uit protes teen diskriminasie wat teen blanke jongmense gepleeg word.

Volgens Ernst Roets, voorsitter van Solidariteit Jeug, het dit tyd geword vir jong mense om hul regte op te eis. "Ons, die jeug, weier om jammer te sê vir enigiets anders as die feit dat ons nog nie sterk genoeg op ons regte aandring nie. Ons is 'n vry geslag. Daar is geen rede waarom regstellende aksie op jongmense van toepassing moet wees nie."

Solidariteit het ook die geleentheid gebruik om hul nuwe petisielys, wat eis dat jongmense van regstellende aksie vrygestel moet word, bekend te stel. Belangstellendes kan afskrifte van die petisie kry om te onderteken by www.solidariteitjeug.co.za.

Hier was Quintin Campbel (Solidariteit Jeug UP) die voete van die standbeeld van President Paul Kruger in protes teen die diskriminasie wat teen blanke jongmense gepleeg word. Dit was deel van die protesaksie van jongmense teen regstellende aksie.

SR verkiesing word demokratiese sirkus weens 60% minimum vereiste

Uitslag voor verkiesing vas

Kees Steyn.

Geluk aan die kandidate wat reeds onbestrede verkies is. Die verkiesing is in twee fakulteite alreeds nodeloos en 'n futiele oefening. Volgens Andrew Molber, hoofverkiesingsbeampte is dit slegs nodig vir die kandidate in twee fakulteite om een stem te kry om verkies te word.

Die skyn van demokrasie tydens die komende SR-verkiesing het nog dunner geraak. Die Ingenieursfakulteit se ses verteenwoordigers is reeds onbestrede verkies, aangesien die ander voornemende kandidate weens hul akademie gediskwalifiseer is. "50% is genoeg om 'n graad mee te behaal, maar nie goed genoeg om op die SR te wees nie, dis net 'n tipe diskriminasie", het Ebert Myburg, 'n oud-SR lid en afgestudeerde ingenieur aan Dexter gesê. ..

Die eerste ses lede van die Algemene Vergadering wat nou tegnies onbestrede verkies is en slegs een stem kort om verkies te word is: Megan Harris; Teo Heyns; Uzayr Jeenah; Sandile Khumalo; Petri Pienaar en Matthys Reynecke.

Die hele idee van demokrasie is keuses. Mense kies vir alternatiewe. Die verkiesing by Ingenieurswese gaan net so belaglik wees soos in die ou USSR (kommunistiese Rusland) waar daar gereeld verkiesings was, maar daar net een party toegelaat en daar slegs een naam op die stempapier was.

Al die ingenieurstudente se stemreg is dus effektiewelik van hulle af weggevat, want geen kandidaat kan uitval nie, en geen stem kan 'n verskil maak nie.

Die selfde is ook die geval by die Fakulteit Veeartseny wat onbestrede vir Christine Bouwer en Thomas Ovendale verkies het. Hulle het nog een kandidaat te min daar, maar die oorgangs-SR hetgetoon dat UP nie oor so iets 'n oog gaan knip nie. Molber het aan die Dexter gesê dat hulle 'om' die probleem probeer werk, maar hulle niks daaraan kan doen nie. "Die verantwoordelikheid lê by die studente".

Molber het aan Dexter genoem dat daar baie meer kanditate was, maar meeste weens die 60% akademise voorvereiste uitgeval het (lees berig bl 4).

Die Dexter het in ons vorige uitgawe berig dat demokrasie aan die UP sy gat gesien het (*dit verwys na sy eie graf en nie na anatomie nie - dis goeie Afrikaans -red*). Hierdie is die bewys dat dit werklik die geval blyk te wees.

Maloney's

Lewendige musiek van
Maandag tot Saterdag!

"Happy hour!"
van 16h00 tot 19h00:

Koop 1 Cocktail - kry 1 gratis!
Dubbel Klipdrif & Coke R12
Castle Draught R8,50
2 Dubbel Vodkas & Spike R25

Heeldag:
Burger & Bier/drankie
R25

Redaksioneel

Dexter en die ideologie van ideologieloosheid.

Daar word telkens uit verskeie oorde baie benoud verklaar dat Dexter nou sogenaamd ‘n regse koerant sou wees. Die bewerings kom egter van mense wat nie die balk in hul eie oog kan raaksien nie. Dexter is nie regs nie, maar objektief en eerlik.

Terselfdertyd leer die postmoderne filosofie ons dat niks waardevry kan wees nie. Dit is ongelukkig egter die mense wat woorde soos verregs en verkrampte en verlig uitdink en gebruik wat die ideologiese skeeftrekking maak. Dis die mense wat onder die waan van opjektiwiteit en neutraliteit hul eie liberale ideologie openbaar.

Dis die ideologie van beginsellose en identiteitlose karakterloosheid.
Dexter daarenteen wil nie alles vir almal wees nie (of ook nie soos ander media die joernalistieke hoer van kampus wees nie). Ons is ook nie die UP bestuur se traktaatjie nie.

Ons is ‘n Afrikaanse studentekoerant vir Afrikaners op kampus. Ons poog nie om te wees en te word wat ons nooit kan wees nie. Dit maak ons egter nie minder objektief of neutraal as ander koerante nie. Dit maak ons net eerliker.

Joseph J Steÿn (Redakteur)

NA MY MENING...

VERSET

Die enorme bodemrykdomme van Suid-Afrika is in sommige opsigte vir die Afrikaner eerder 'n las as 'n vreugde. Dit het van ons land so iets soos 'n Nabotswingerd gemaak wat die hebsug van baie gaande gemaak het. Dit was tog die Mynbase van Johannesburg wat saam met die imperialiste van die Koloniale Kantoor in Engeland, die oorlog van 1899 afgedwing het. Daarvandaan het die stryd om die besit en beheer van die bodemrykdomme van Suid-Afrika nog nooit opgehou nie. In die 1950's het Dr. D.F. Malan nog die stelling gemaak dat die stryd in Suid-Afrika gaan om die vraag of die land 'n tuiste sal wees vir die Afrikaner se kinders of so iets soos die markplein van die wêreld.

Die Afrikaner se poging om sy vaderland en tuiste in Suid-Afrika te bou deur alle volke hier by te staan om hulle eie vaderlande op- en uit te bou, het voorlopig in 1966 met die moord op Dr. H.F. Verwoerd tot 'n einde gekom. In 1994 het dit duidelik geword dat die Afrikaner ingesluit is in 'n bedeling waar die Grondwet van die land iets soos 'n oorlogsverklaring teen die voortbestaan van die Afrikaner as eie volk is. Die moontlikheid om die Afrikaner as 'n eiesoortige volk onder te ploeg deur sy geskiedenis saam met sy vaderland weg te neem, word reeds op die Afrikaner toegepas.

Die byna vanselfsprekende pogings om enigiets wat Afrikaans is af te wys, het weer geblyk uit die manier waarop die eenvoudige liedjie oor De la Rey aangeval is. Hoewel die liedjie nooit as versetslied geskryf of bedoel is nie, het die manier waarop gepoog is om die liedjie stil te maak, dit juis as soort versetsliedjie gevestig. Hier het iets van die voortdurende en stelselmatige diskriminasie teen die Afrikaner en Afrikaans, sigbaar geword en geroep om reaksie en verset.

Verset as sodanig is natuurlik 'n veelkantige saak met baie moontlikhede. 'n Paar dekades gelede is die hele Europa nog verskrik deur die geweldadige en rewolusionêre studente-verset. Veelkantige diskriminasie roep om verset al is die eerste vorm van verset slegs 'n mondelinge protes. In die arbeidswêreld is protes so 'normaal' dat daar al 'n hele prosedure, sorgvuldig in wette vasgelê, bestaan om verkeerdhede te probeer regstel. Word die saak nagegaan, dan blyk dit dat verset altyd begin by die neem van 'n redelike besluit. Daarvandaan kort- en langtermyndoelwitte in die oog en dan die strategie om die doelwit te probeer bereik. Spontane, onbeplande verset is dikwels ongedissiplineerde verset wat juis daarom duursaamheid mis omdat dit nie inpas in die breër beplanning nie.

Verset kan radikaal verskillende gestaltes aanneem omdit die aard van die verset tog deur die lewensbeskouing van hulle wat die verset beplan, bepaal sal word. Daarom sal sosialistiese of rewolusionêre vorms van verset onaanvaarbaar vir 'n gelowige mens wees. Hoe dit ookal sy, verset is gewoonlik 'n geregverdige manier om gekoördineerd en gesamentlik onregmatighede te probeer regstel.

Die strukturele diskriminasie teen die Afrikaner wat in die nuwe Grondwet ingebou is, roep vanself 'n vorm van verset na vore. Want in die Grondwet word dit tog duidelik dat die voorgestelde Werkersparadys nie vir almal in die land bedoel is nie. Miskien is dit maar soos in Afrika-sosialisme, wat van die begin af, nie vir almal bedoel is nie. So gesien, kan 'n mens vra: is die reaksie wat die De la Rey-liedjie ontlok het, nie 'n aanduiding van 'n skuldige gewete nie? Sou dit kan wees dat daarom so algemeen en afwysend teenoor die vrolike liedjie gereageer is omdat dit as 'n versetliedjie verstaan is?

Verset is 'n veelkantige saak. Die reaksie op verset natuurlik ook. Miskien is dit nodig om die De la Rey liedjie meer te sing sodat daar meer antwoorde op al hierdie vrae na vore kom. Dan kan dit miskien ook duidelik word of dit erns is met die diskriminasie teen die Afrikaner en selfs die liedjies wat hy sing.

A. D. Pont (VSR Voorsitter 1951)
Bogenoemde is die skrywer se eie mening, en nie noodwendig die van Dexter nie.

Briewe

Dexter verenig Afrikaner jeug

Ek glo ek praat namens ‘n menigte jong Afrikaners as ek ‘n woord van dank rig aan die Dexter wat aan ons in die nuwe Suid-Afrika ‘n skaars ding verskaf nl. ‘n betroubare stukkie leesstof. Daar is by baie jong Afrikaners vandag ‘n passievolle hunkering na sy identiteit. Nie die identiteit wat behels dat ons die “skuld” moet dra van ‘n bedeling wat voor ons tyd afgeloop het nie, maar ‘n identiteit wat gegrond is op die geskiedenis van die Afrikanervolk, ons oorwinnings, helde en die land wat ons gebou het.
Die Dexter help om Afrikaners weer met daardie identiteit te verenig en dit is iets wat nie SEB òf regstellende aksie òf enige ander vorm van kommunisme van ons kan wegvat nie.
Hou so aan

Ruan Combrink

Afrikaners erger as Sataniste

You speak in a language that will isolate people instead of encourage people to listen to what you have to say! You so called "Afrikaans Christians" are more evil than worshipping Satan. You guys are worse than viruses. You kill inhabitants, take over their land, then claim it as your own! You guys are cowards, face it - you are a minority, deal with it. Varke!

LJ Marah

Boekresensie:

Ope brief aan Willem de Klerk

Skrywer: Chris Louw
(30pp; Praag; 2000 Prys R30-00)

Louise Greyling

Wie onthou nog die sogenaamde Boetman-debat? Die reaksie van 'n middeljarige blanke Afrikanerman teen die Broederbond-geslag wat hulle voorgeskryf het, eers oorlog gemaak het (met die geslag as pionne), toe die land weggegee het en nou van almal verwag om weer die minste te wees en in die nuwe bedeling op te gaan. Boetman was diep die bliksem in. Sy brief aan dr De Klerk is, kragtig, insiggewend en reguit.

Dit lees so lekker dat mens eintlik wens hy wou langer skryf. Die boetman-brief is 'n deel van ons eietydse geskiedenis wat ons nie kan vergeet nie. Daar is beslis 'n les te leer: om nie voorgeskryf te word deur die gesagstrukture van ons dag nie, maar om die moed te hê om vir jouself te dink.

Tien lesers kan elk 'n kopie van die boek wen. Al wat jy moet doen, is om jou naam en van na 0825024078 te SMS.

VF+TAS

VSR Verkiesing 2007

Soos Almal weet is die VSR struktuur gewysig om die VF+TAS uit die VSR te hou. Sedert 1997 beskerm VF+TAS die student se regte. Oor sake soos Koshuistradisies; Afrikaans en Kwotas, was ons die enigste party wat met sukses die UP bestuur kon aanvat. Bestuur wou dit stop, en dink dat hulle via 'n nuwe VSR struktuur beheer oor studente sake kan kry.

JOU PA sal dit nooit toelaat nie. Soos in die verlede het UP bestuur studente geterroriseer, geïntimideer en viktimiseer, maar Jou PA kon telkens hulle planne elimineer. Vanjaar is die VF+TAS georganiseerd om kandidate wat die beginsels van Afrikaans, Christenskap en Hoë Standaarde ondersteun te steun in die komende verkiesing.
Kyk uit vir hulle Name!

VF+TAS is die enigste organisasie op kampus wat 'n 100% anti-UP bestuur beleid navolg, omdat hulle nog nooit die belange van Tukkie studente vooropgestel het nie.

Join the ORANGE REVOLUTION !

Het Jy geweet?
VF+TAS is die enigste party wat oor is op TUKS. Die ANC ondersteun die UP bestuur en die DA het verlede jaar hulle deure gesluit. VF+TAS wen sedert 1997 die VSR verkiesing!

JOU PA SOEK JOU!

STEUN VF+TAS

VF+TAS WEN
1997;1998;1999;2000;
2001;2002;2003;2004;
2005; 2006;....

Pssst....
Het jy geweet dat die meeste kandidate in die VSR verkiesing deur hulle dekane genader is om vir die VSR te staan?
Die UP bestuur hoop dat 'n VSR wat uit Tutors en Prefekte bestaan nie die studente belange sal verteenwoordig nie, maar die UP bestuur se wil op studente sal afdwing.
Jy kan dit keer. Stem op 20Maart vir die kandidate wat deur die VF+TAS ondersteun word.

Afrikaans
Christenskap
&Hoë Standaarde

STRYD OOR 60% KEURING:

STUDENT KRY HOFINTERDIK

Hier staan v.l.n.r. Willie Spies (VF+ LP) Cornelius Janse van Rensburg (oud-SR-prisident en Nasionale VF+ jeugleier) en Cobus van der Linde (VF+TAS leier opUP) diep in gesprek tydens die Nasionale Forum vir Afrikaans se Taalberaad wat op 23 en 24 Februarie op Tukkies se kampus gehou is. Ander bekendes wat die beraad bygewoon het was Steve Hofmeyer, Coenie de Villiers en FW de Klerk.

Nelius van der Merwe

'n Dringende hofinterdik is teen die UP-bestuur en die Perdebygekry. Cobus van der Linde, leier van die VF+TAS op UP, het die interdik gekry om die bestuur te dwing om hom verkiesbaar te hou en sy inligting in die Perdeby te laat plaas.

Dit is om te verseker dat hy verkiesbaar bly tot tyd en wyl die saak tussen hom en die UP in die hof beslis is.

Cobus het aan Dexter verduidelik dat, alhoewel hy 60% het vir sy B.Sc rigting, hy gediskwalifiseer is deur UP betuur. Dit is as gevolg van ekstra vakke wat hy loop vir sy eie verryking aan die Fakulteit Ekonomie. Alhoewel hy dit goed deurkom, is sy gemiddeld in dié buite- kurrikulum vakke nie 60% nie. Hy word dus gepenaliseer omdat hy meer wil leer as wat van hom verwag word.

Volgens Van der Linde is dit sy regsmening dat slegs die vakke vir sy hoof studierigting (wat dan ook die enigste Fakulteit is waarin hy staan) moet tel om te bepaal of hy 'n 60% gemiddeld het. Die saak kon egter nie met die UP-bestuur opgeklaar word nie en hy is gedwing om die saak in die hof te gaan betwis. "Ek probeer hard om 'n trotse Tukkie te wees, maar die bestuur maak dit baie moeilik vir my" het hy aan die Dexter gesê.

Die sestig persent keuringsvereiste het klaar die verkiesing gekortwiek en belaglik gemaak volgens verskeie politieke rolspelers op kampus. Joshua Oosthuizen, lid van die oorgangs-VSR, het aan Dexter gesê dat dié vereiste maak dat enige gemiddelde student wat tussen sy akademie en buitemuurse aktiwiteite 'n goeie balans het, nie kan deelneem nie.

Slegs vier lede van die vorige VSR-struktuur het die vereistes van die huidige voorvereistes gehaal.

Volgens Barend Steÿn, woordvoerder van die ASB (Afrikaner Studente Bond), is dit net nog 'n voorbeeld hoe die gemiddelde student ontmagtig word en die VSR enige oorblywende geloofwaardigheid deur die UP-bestuur ontneem word deurdat daar op grond van prestasie gediskrimineer word. Prof. Speckman (Studentedekaan) het geweier om tyd af te staan om aan Dexter kommentaar te lewer oor hierdie aangeleentheid.

Oproer weens Vierkleur op UP

Pieter Roets

"Suiwer rassehaat"- sò word die reaksie van 'n rumoerige groep swart studente beskryf wat luidkeels hul misnoë met historiese Afrikanervlae uitgedruk het.

Volgens Joseph Steÿn van die VAT, het die voorval plaasgevind toe die vlae uitgestal is as deel van Jakaranda Cantusgilde se bemarkingstalletjie op 6 Maart. Volgens diè studente sou die vlae "Apartheidsvlae" wees wat hulle aanstoot gee. "Wat alles so belaglik maak, is dat die Vierkleur en Vrystaatse vlag laas in 1902 amptelik gebruik is, 46 jaar vòòr die beleid van afsonderlike ontwikkeling begin is" het hy gesê.

Terselfdertyd het die "Black Economic Students" wat op grond van ras assosieer,geen teenstand ervaar tydens bemarkings week nie. Volgens Steÿn was hy ontstelt oor die uitsprake. "As die nuwe SA so 'n wonderlike plek is, moet elkeen mos sy reg op assosiasie gegun word soos die grondwet voorskryf", het hy gesê.

Joop se stories...

Jou gids tot 'n beroemde naam

Terrorisme is 'n snaakse ding. Jy vermoor derduisende vrouens, kinders en ou mense, en dan word jy die regering van die land. Nadat jy die regering oorgeneem het, is jou bestel vrot van die korrupsie, misdaad en onvermoë, maar dit is aanvaarbaar omdat jy in die ideologie van Karl Marx kommunisme en haat bevorder. Terrorisme kry dit selfs reg dat blykbaar intelligente mense die terroris nou as held beskou. Ons op Tuks is bevoorreg om so 'n groep verdwaalde siele te beleef wat alles in hul vermoë doen om die regering ter wille te wees. Hulle voer die krokodil met die hoop dat die krokodil hulle laaste sal opvreet. In die proses word alles wat beskaaf is tot die duisternis verdoem, en die duisternis nou met kersliggies verhelder tot 'n pragtige vredeliewende rinkhals wat nou skielik net gras vreet.

Ek het deur die voorbeeld van ons beefbroeke daar bo nou besef hoe ek eendag 'n regsbiblioteek na my vernoem gaan kry. Ek gaan begin om 'n weermag van barbare bymekaar te maak. Dan doop ek hulle in die ideologie van kommunisme en rassisme, en stuur hulle uit om chaos te veroorsaak. In die proses vermoor my weermag derduisende mense, van alle rasse. Ja, enigiemand wat vir die Christendom en beskawing staan. My weermag verkrag meisies van so jonk as tien, en plant bomme by stasies en poskantore. Ek brei verder my weermag uit deur jong seuns van hul gesinne te steel, en hul ore af te kap as hulle nie wil saam veg nie. Ek plant landmyne die wêreld vol, en wis die personeel van sendingstasies uit. Ek spesialiseer dan ook daarin om kerke die lug in te blaas.

En dan eendag as my weermag die land oorneem, regeer hulle in chaos en noem plekke soos Pretoria na 'n heilige koei genaamd Tshwane. Dan word die oorlog in die naam van misdaad voortgesit. Tussendeur maak my weermag almal wys dat hulle eintlik die goeie ouens is, en die huidige chaos die vorige regering se skuld is. En daar sal verseker ook dan diegene wees wat my gaan ter wille wees, net omdat ek dit reggekry het om 'n sogenaamde skuldgevoel by hulle te skep. Die res verneuk ek met gratis pap en yskaste. En die wat nie met my saamstem nie? Maklik, hulle is die rassiste.

Die enigste verskil is net dat my biblioteek nie die Oliver Tambo Regsbiblioteek op Tuks sal heet nie. Maar ja, ek het nog nie so 'n chaotiese situasie tot stand gebring nie, so dan moet ons seker maar tevrede wees met die een wat dit klaar gedoen het: Ons liewe oom Oliver Tambo. **Jankejan**

Bogenoemde is die skrywer se eie mening, en nie noodwendig die van Dexter nie